Voorwoord

Hierdie handleiding , wat swaar leen op die boek van Krzanowski & Hand (2009), is geskryf in ‘n poging om dit vir die navorser makliker te maak om die teorie agter en metodes van ROC-analises te verstaan. Daar word verder probeer om berekeningsmetodes aan die hand van voorbeelde te verduidelik. By hierdie berekeninge word gewys hoe die statistiese pakkette SPSS en STATISTICA gebruik kan word tesame met die program ROCKIT (wat van die internet afgelaai kan word).
ŉ EXCEL-sigblad word ook saam met die handleiding verskaf, wat kan help met aanpassing vir koveranderlikes, die bepaling van ŉ optimum afsnypunt en die berekening van die AUC met die vertrouensgrense daarvan. Die data wat by die laaste voorbeeld gebruik is, word ook verskaf.

Faans Steyn
Maart 2012